Heilbron
# Herald
WEEK 2 Deel 111
VRYDAG – 17 JANUARIE 2020
www.heilbronherald.co.za

# Afslaers wil veeboere help met video-veilings

Bek-en-klouseer het veeveilings tot stilstand gedwing toe die regering op 4 Desember in die staatskoerant 'n nasionale verbod geplaas het op alle veilings en skoue. Aanvanklik was dit net van toepassing op vier provinsies, maar na 'n tweede uitbraak is daar 'n landswye verbod geplaas.

"Dit is krities noodsaaklik dat die situasie in die Rooivleisbedryf so gou as moontlik na normaal terugkeer sodat veilings en lewendehawe skoue in ten minste agt van die nege provinsies hervat kan word", sê mnr Koos van der Ryst, Voorsitter van die Nasionale RPO.

Volgens mnr Jan Mostert, bestuurder van BKB Louwid-noord op Frankfort, het die bek-en-klouseer veilingsverbod geweldige druk geplaas op veeboere se kontantvloei. Boere kan nie vee na die veilings toe bring nie, maar ons kan deur video-opnames van vee op aanbod, die vee na die kopers toe bring. " 'n Boer maak n plan" lui die spreekwoord en dit is ook wat BKB gaan doen met die Sentraal Suid-Afrika video-veiling wat hulle volgende Donderdag beplan by die RCA vei-lingskompleks op Frankfort.

Die videos van vee wat op aanbod is, sal lotgewys op 'n groot skerm in die kompleks vertoon word. Kopers bie op grond van inligting op die 20 sekonde lange videogrepe. Alle relevante inligting rakende die vee sal digitaal aan kopers voorsien word. "In werklikheid is dit net soos 'n gewone veiling, behalwe dat die vee nie fisies daar is nie", sê Mostert voorts. Daar word beplan om vee te werf uit die Vrystaat, Gauteng, Mpumalanga en Noordwes - daarom Sentraal Suid-Afrika veiling. Die vraag na vee is sterk en daar word voorsien dat die tekort 'n positiewe invloed op pryse sal hê.

Alle vee wat op aanbod is sal voorsien word van veterinêre gesondheidsertifikate deur die staatsveearts soos bepaal word deur die Wet op Landbouprodukte-Agente (Wet 12 van 1992).

"Niemand is seker wanneer die verbod gelig gaan word nie en die Department van Landbou kan ook nie antwoorde gee nie. Ons kan nie met gevoude hande sit nie en ons glo dat dié video-veilings die antwoord is op die huidige situasie, en miskien dalk die pad vorentoe, tyd sal leer", was Mostert se slotopmerking.



*Hoërskool Heilbron spog vanjaar met 44 opgewonde graad 1 leerders.*

## Manne-ontbyt by Donsveertjie!

Heilbron-manne het besluit om **SATERDAGOGGEND 18 JANUARIE 2020** om **08:00** by Donsveertjie saam te trek vir geestelike bemoediging, lofprysing, aanbidding en sommer ook om dankie sê vir die mooi seisoen wat die Here sover vir ons gegee het. Manne gaan ook 'n lekker boere-ontbyt daar kan geniet. René Welgemoed gaan die Woord deel.


Almal van oral is welkom. Koste beloop R80 per persoon.

***Kaartjies beskikbaar of navrae by: Mike Mouton 082 652 1450, Kobus Steyn 083 631 0955 of Flippie Kotzé 074 035 7955***






# Top 5 Matrieks van *Hoërskool Heilbron*




*Amané Watson - 84.43% (5 onderskeidings). Met matriek agter die rug, sê sy dat die moeilikste vir haar was om tyd te maak vir al die pligte, verantwoordelikhede en doelwitte wat sy gehad het. Amané sien uit daarna om haar studentelewe op die Puk te begin deur Forensiese Rekeningkunde te swot. Sy hou haar oog egter daarop om in haar tweede jaar op universiteit CA vakke daarby te neem. Sy is die meeste opgewonde vir die nuwe geleenthede wat oor haar pad gaan kom en om die grootmens lewe te betree.*



*Tomari Prins - 78.86% (4 onderskeidings). Vir Tomari was dit moeilik om aan almal se verwagtinge te voldoen, veral haar eie, weens sy baie streng is met haarself. Sy het die druk ook party dae baie uitdagend gevind. Sy is tans by NWU in Potchefstroom om Aptekerswese te studeer. Sy sien baie uit na die nuwe uitdagings wat vir haar voorlê en om te sien wat die Here vir haar beplan het, asook die nuwe mense wat sy gaan ontmoet.*



*Carissa Peach - 75.29% (3 onderskeidings). Vir Carissa was wiskunde en fisiese wetenskappe van die moeiliker vakke in matriek. Sy sê ook dat IGO op haar senuwees gewerk het tydens eksamens en sy nooit haar sketse in die tydsbeperking kon voltooi nie - sy glo dít het haar die onderskeiding gekos. Haar planne vir die toekoms is om in Amerika te gaan au pair en later te besluit watter kwa-lifikasie sy wil voltooi. Sy is baie opgewonde om meer van die wêreld te sien en nuwe mense te leer ken.*



*Megan Strydom - 74.57% (2 onderskeidings). Megan Strydom sê dat sy gesukkel het om kop bo water te hou, haar hoofmeisiepligte na te moes kom en steeds goed te presteer in haar akademie en sport. Na al die harde werk gaan sy Aptekerswese studeer by die Puk in Potchefstroom.*
*Sy sien die meeste daarna uit om haar graad te voltooi en dan die grootmenslewe aan te pak, trou en kinders te kry, al is dit nog 'n lang pad om te stap.*



*Janie Pretorius - 72.29% (2 onderskeidings). Janie Pretorius het gestruwel in matriek met die druk wat op 'n mens geplaas is en te voldoen aan almal se verwagtinge. Sy het besluit om eendag terug te keer na die skool en gaan Onderwys vir Senior Fase swot by die Puk in Potchefstroom. Sy sien baie uit na die onbekende en dit wat die Here op haar pad gaan bring en daarvolgens te groei en ontwikkel in die mens wat sy streef om te wees.*

# 2020 se nuwe Bronnies



*Hoërskool Heilbron se Graad R-klas verwelkom 'n totaal van 30 nuwe gesiggies. Annari van Dorsen, hulle onderwyser, is baie opgewonde om die jaar met hulle te deel. Al die kleuters is baie opgewonde om amper die grootskool binne te tree.*

# Hoërskool Frankfort behaal uitstekende uitslae



Uit die klas van 38 leerlinge kry hulle nie net 'n 100% slaagsyfer nie, maar pronk met 52 A-simbole. Al die leerders het hard gewerk en slaag daarin dat 84.2% Universiteitsvrystelling kry, 10.5% kwalifiseer vir 'n Diploma en 5.3% kwalifiseer vir 'n Nasionale Sertifikaat.

Die Wilgies het uitgeblink met Johnny Muller en Diana Mouton, wie altwee 7 onderskeidings ingepalm het en die geleentheid gekry het om die Bloemfontein se 'Well Done' funksie by te woon.

Verdere prestasies sluit in: Ruart Victor, Cornel Smit, Lidewij den Braanker met 4 onderskeidings; Johanè Orr en Armand Keller met 3 onderskeidings; Kayla Vorster, MJ Taljaard, Denise Kennard, Luiza dos Santos, Karlie de Jager en Ay Jay Brits met 2 onderskeidings.



***HOËRSKOOL WILGERIVIER:*** *Johnny Muller - 93.5% gemiddeld (7 onderskeidings). Johnny sê dat die moeilikste vir om was om te weet dat matriek die res van jou lewe sal bepaal en om die druk wat daarmee gepaard gaan, te moes hanteer. Hy het hard gewerk en stap in by die Universiteit van Pretoria as 'n BSc Biochemie student. Hy is baie geïntresseerd in die veld en sien uit daarna om meer van gepaardgane onderwerpe te leer. Sy doelwit is om al sy kennis om te sit in iets wat 'n verskil sal maak in die wêreld.*



***HOËRSKOOL WILGERIVIER:*** *Diana Mouton – 88% (7 onderskeidings). Diana sê dat sy die meeste gesukkel het met tydsbestuur in matriek en steeds gaatjies te maak vir ontspanning en haar vriende. Sy het hard gewerk om te gaan Medies studeer by die Universiteit van die Vrystaat. Sy sien baie daarna uit om die instrument in God se hande te wees en as geneesheer mense te kan help.*



# Oud-Bronnie nou onderwyser

*Wessel Pieters begin op 15 Januarie 2020 sy loopbaan as onderwyser by Hoërskool Heilbron. Hy het hier in 2014 gematrikuleer en was 'n trotse Bronnie. Hy het laasjaar sy onderwysgraad voltooi en is opgewonde om nou die Meneer te wees van Afrikaans vir Gr. 4 tot 6 en sy Bronniebloed verder uit te leef.*

# 100% Slaagsyfer vir Reitz

*Alle eer aan God vir Sy hand van genade en Seën oor Hoërskool Reitz!*

Ons is nederig dankbaar vir 24 opeenvolgende jare se 100% slaagsyfer met 75% wat vir graadstudie kwalifiseer. Uit 6854 skole in Suid-Afrika met 331 in die Vrystaat, is Hoërskool Reitz een van 18 skole wat die afgelope vyf jaar 'n 100% slaagsyfer kon behaal en dis voorwaar 'n pragprestasie. Dankie aan personeel, leerders en ouers wat die ekstra myl stap vir Hoërskool Reitz.

Hoërskool Reitz - die Trots van die Riemland!



BKB LOUWID

www.bkb.co.za




# Sentraal Suid-Afrika

# VIDEO VEEVEILING

## Donderdag - 23 Januarie 2020

## 11:00 - RAC - Frankfort

**BKB LOUWID KANTORE:**



INSKRYWINGS SLUIT Woens - 22 Jan 2020 - 10:00

SKAKEL U NAASTE BEMARKER!

### FRANKFORT

**TAKBESTUURDER:**
Wentzel Vorster 082 566 1369
**FRANKFORT - TWEELING - ROADSIDE**
Eddie Muller 082 926 2219
**FRANKFORT - VILLIERS - ORANJEVILLE - HEILBRON**
Bertus Linde 079 679 1716
**VILLIERS - CORNELIA - FRANKFORT**
Gert Burger 082 822 1952
**HEILBRON - EDENVILLE - KOPPIES**
Piet Boshoff 083 210 7135
**FRANKFORT - TWEELING - ROADSIDE**
Jacques Meyer 076 691 0095
**MEMEL - BOTHASPAS**
Lukas Steenkamp 067 404 0690

### STANDERTON

**TAKBESTUURDER:**
Roelof Heenop 082 342 1992
**VREDE - ASCENT - CORNELIA**
Jandré Moll 082 307 9169
**STANDERTON - GREYLINGSTAD - BETHAL - PLATRAND - VAL - MORGENZON**
Erik Heymans 083 264 5177
**WOLWESPRUIT - PERDEKOP - VOLKSRUST - AMERSFOORT - WAKKERSTROOM - GROENVLEI**
Marnus Becker 082 873 2002
**STANDERTON - VAL - GREYLINGSTAD - LEANDRA - RIVERSDRIFT - KINROSS**
Paul de Bruyn 079 882 1138

### KROONSTAD

**TAKBESTUURDER - KROONSTAD - HENNENMAN - WELKOM - ODENDAALSRUS - VILJOENSKROON**
Piet Wessels 082 857 7827
**KROONSTAD - STEYNSRUS - EDENVILLE**
Wilbur Meyer 082 349 3189
**KOPPIES - VREDEFORT**
Schalk Jonker 073 007 0922
**KLERKSDORP - BOTHAVILLE - LEEUDORINGSTAD**
Fanie Nel 083 325 3066
**BULTFONTEIN - THEUNISSEN - BRANDFORT - HOOPSTAD - WESSELSBRON**
Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

### BETHLEHEM

**TAKBESTUURDER - BETHLEHEM - FOURIESBURG - SLABBERTS**
Daaw van Wyk 082 456 7363
**BETHLEHEM - PAUL ROUX - KAALLAAGTE**
Willem Kruger 082 376 1539
**BETHLEHEM - CLARENS - DANIELSRUS**
Schalk Burger 076 070 1411
**WARDEN**
Bennie vd Merwe 082 414 4226
**REITZ - AFRIKASKOP - KRUISPAAIE**
Sakkie van Rensburg 082 562 0957
**PETRUS STEYN - LINDLEY - ARLINGTON**
Michiel Odendaal 082 560 6174
**HARRISMITH - EERAM - MONT PELAAN - VERKYKERSKOP - SWINBURNE**
John Campher 072 203 0160
**FICKSBURG - HAMMONIA - GUMTREE - ROSENDAL - SENEKAL - CLOCOLAN**
Gerrie Britz 082 828 2855
**WARDEN - PRESEDENTSKRAAL - EERAM - ABERFELDY**
Jacques van der Merwe 082 325 0036

### VEREENIGING

**TAKBESTUURDER:**
Rudi Nagel 082 905 6066
**VEREENIGING - DENEYSVILLE - KOPPIES - PARYS - SASOLBURG - VREDEFORT**
Freek Pieterse 079 560 7088
**POTCHEFSTROOM - VENTERSDORP - CARLETONVILLE - KRUGERSDORP - FOCHVILLE**
Sally de Villiers 073 616 4956
**POTCHEFSTROOM - VILJOENSKROON - VREDEFORT - PARYS**
Rioan Herbst 076 1543049

# MONSTER



Jip, vandag is dit weer oor honde. Ek was regtig nog nooit 'n hondemens nie of 'n katmens of watter gedierte daar ookal ter sprake is. Ek wou nie eers 'n potplant gehad het nie, want ek is seker ek sou dit nie aan die lewe kon hou nie.

**IEMAND GEE TOE EENDAG VIR MY 'N SWART HONDJIE.** Kleinerig. Dit het my grensloos geïrriteer wanneer hy in die nag gehuil het. (Siestog, hy was skaars ses weke oud.) Ek moes hom leer hoe om sy besigheid buite te doen. Waarin ek nie vreeslik geslaag het nie.

Sy naam was Kwis. Nie Koos nie, Kwis. Ek weet glad nie waarom ek hom sò sou noem nie.

Ek het hom iewers raakgery met die skoolbus, maar superhond Kwis het net omgerol en waaistert aangehardloop gekom. Ek was regtig jammer daaroor, ek het hom nie gesien nie. Uiteindelik het Kwis eendag die pad gevat en by die mense ses huise onder myne gaan plak. Ons het mekaar nooit weer gesien nie.

Eendag het iemand, toe ek hondgereed was daarvoor, vir my die mooiste Alsatian gegee. Oor Issie het ek al hier geskryf. En daarna het ek vir Dollies, die gebroedseltjie, bygekry.

Verlede week het ek vertel van Trixie wat ons geërf het. Dan is daar Monster.

Monsterhond moes 'n mengsel gewees het tussen Rottweiler, Alsatian en Labrador. En nog 'n paar honderasse. Hy het in Desember 2018 in ons lewens ingekom. Ingehardloop. Hy het in die straat rondgeloop toe iemand langs hom stop om hom nader te lok sodat hy veearts toe kan gaan. Dalk het hy 'n identifikasieskyfie ingehad en kan sy eienaars hom weer kom haal.

**MY MAN HET, NET TOE MONSTER VERBY ONS HUIS HOL, DIE HEK OOPGEMAAK.** Monster het toe sommer kortpad gekies, reguit deur ons voorhek tot heel agter by die swembad. Ons het probeer om vir hom 'n wurgketting aan te sit, maar hy het die ketting aangeval en in die proses drie tande uitgebyt. Hy was baie aggressief. Ons het hom gelos sodat hy rustig by die swembad kon bly.

Ons het elke dag vir hom nuwe water uitgesit en pille gevoer. Hy wou aanvanklik nie naby ons kom nie, maar hy wou ook nie uit nie. Wanneer ons by die swembad was, sou hy baie versigtig nader kom, maar terugdraai wanneer hy enigsins bedreig voel.

Soms het ek laatnag gehoor hoe hy rondom die huis stap en alles besnuffel. Hy moes toe 'n naam kry. Die dogters het hom "Rusty" genoem, maar Rusty was die naam van 'n vrou met 'n slegte reputasie in Orkney Snork Nie. Ek het hom Monster genoem, en Monster was hy.

In die winter van 2019 het my goeie vriendin kom kuier. Sy kon dit nie oor haar hart kry dat Monster buitekant moes slaap nie. Ons het sy matrassie in haar kamer gesit, en ewe skielik het Monster in die huis kom slaap.

Teen hierdie tyd was Monster 'n ou liefie. Hy het fyntjies kos uit jou hand geëet. Vreemde mense mog nie naby my kom nie, hy het 'n groot kabaal opgeskop en sou aanval, as hy moes.

Monster wou nie enigsins 'n leibrand dra nie. As jy dalk naby genoeg kon kom om een aan te sit, het hy versteen gestaan. Daar is geen manier nie.

**MONSTER HET IN ONS KAMER GESLAAP.** Hy het net twee doelwitte gehad: hy wou die hele dag gevryf word en as hy net vir Trixie kon opeet…

Monster het om die swembad gehardloop wanneer ons binne-in was. Kersdag was hier drie klein kindertjies en Monster het hulle rustig bekyk terwyl hulle aan hulle koek gesmul het. Hy het aan elkeen kom ruik en toe gaan lê. Asof hy wou sê: Whatever.

Monsterhond was regtig 'n liewe ding.

Die eerste Vrydag van Januarie sit ek sy kos uit en vryf hom oor die kop en onder sy bek. Ek voel 'n groot knop, soos 'n krieketbal. Ek onthou dat hy die afgelope twee dae nie sy kos wou eet nie. Ek hou hom dop: hy vat twee slukkies water, dan hou hy op.

Ons moet vir Monster by die veearts kry, maar hoegemaak met 'n hond wat nie aan 'n leiband wil loop nie?

Ek bring die leiband nader, en hy gaan lê net. Ek gaan klim in die bakkie en my goeie man bring vir Monster sodat hy met sy groot lyf styf teen my kan lê. So begin sy eerste motorrit. Ek vryf sy kop en gesels die hele tyd met hom totdat ons by die veearts stop.

Die groot spreekkamer is vol en ons moet wag totdat dit beskikbaar is. Ek en hy sit in die bakkie. Ek sing vir hom en vryf hom totdat my klere vol swart hare is.

My goeie man dra vir Monster tot by die spreekkamer aangesien hy nie met 'n leiband kan loop nie. Monster word geweeg: 'n hele 29 kg.

Die veearts kom kyk na die groot knop in sy keel. Hy neem 'n bloedsmeer en daar is geen teken van bosluiskoors nie. Hy neem 'n biopsie van die knop. Baie aggressiewe kanker. Daar is drie opsies: 'n operasie wat heel moontlik nie suksesvol sal wees nie, kortisoon wat heel moontlik nie sal help nie en dan om haar te laat uitsit.

**DAAR IS NIE EINTLIK 'N KEUSE NIE: MONSTER SAL MOET GAAN. ONS BEGIN ALTWEE HUIL.**

Monster se oë kyk dankbaar na ons, so asof hy ons toestemming daarvoor gee. Ons vryf hom totdat die laaste asempie uit is.

Ek besef weer: ek wil nie eers meer 'n potplant hê nie, want dit voel asof alles vir wie ek lief is, doodgaan. My sussie, my pa, my Issiehond, my ou pa se Trixiehond, ons Monsterhond.

Maar dit is seker maar deel van die lewe: ons lewe om dood te gaan.

Dankie dat jy vir net langer as 'n jaar by ons kom bly het, Monsterhond. Jy was 'n liewe dierasie.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens / Sagte Kollekte
Kleuterkerk / Deurkollekte: NG Effata vir Dowes
Kategese / Gemeentetee Blok 2

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Deurkollekte: VVA / Kategese open
10:30 Vergadering Vrouelidmate

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 5 en 6 / Katkisasie open
Kollekte: Diakonale Bystandsfonds

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Sondag:** 10:00 Erediens (Heilbron)
VBO open (Admin) / VBO Les 30
VBO vergadering / Susters Bestuursvergadering

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag:** Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel, **Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

# GEMEENSKAPSNUUS


## Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

## Heilbron Dienssentrum
***Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272***
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts. (Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



## RIEMLAND MUSEUM TYE
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

## Biblioteek Tye
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.

## DIE RUS INGEGAAN

† Sipho Roberto Tshabalala is oorlede in die ouderdom van 34. Die begrafnis gaan plaasvind op 18 Januarie 2020 op Petrus Steyn. Hy laat na sy vriende en familie.

† Jacobus Johannes van Greuning is oorlede in die ouderdom van 91. Sy begrafnis vind plaas op die 17de Januarie 2020 in Frankfort. Hy laat na sy vriende en familie.

## GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 17 Jan. | 14 / 30 | 45% kans vir donderbuie |
| Sa 18 Jan. | 16 / 30 | 74% kans vir donderbuie |
| So 19 Jan. | 14 / 22 | 71% kans vir reën |
| Ma 20 Jan. | 13 / 22 | 40% kans vir reën |
| Di 21 Jan. | 16 / 25 | 53% kans vir reën |
| Wo 22 Jan. | 15 / 25 | 58% kans vir reën |
| Do 23 Jan. | 16 / 24 | 59% kans vir reën |
| Vr 24 Jan. | 15 / 24 | 62% kans vir donderbuie |
| Sa 25 Jan. | 15 / 25 | Sonnig |
| So 26 Jan. | 16 / 25 | Sonni |
| Ma 27 Jan. | 16 / 25 | Sonnig |

## JAARBEPLANNER 2020

**JANUARIE**
**22 Jan.** Huis- en Tuinbouklub vergadering
**31 Jan.** Fynproewersgilde

**FEBRUARIE**
**1 Febr.** Hoërskool Heilbron - Gholfdag
**8 Febr.** Grasren - Vegkop Boerevereniging
**13- 16 Febr.** Reitz Bieliemieliefees
**28 Febr.** Rolbalklub - Deurnag

**MAART**
**7 Mrt.** NG Moedergemeente Basaar
**14 Mrt.** Vroueringskonferensie - NG Suidgemeente

**MEI**
**8 Mei** NG Moedergemeente Visete
**12 tot 15 Mei** Nampo

**JUNIE**
**6 Jun.** AP Kerk Basaar

**JULIE**
**31 Jul.** BoereTreat

**AUGUSTUS**
**1 Aug.** BoereTreat

**SEPTEMBER**
**29 Sept.** Blyweesfees - NG Suidgemeente

### SKOOL TERMYNE

• 15 Januarie - 20 Maart • 31 Maart - 12 Junie • 7 Julie - 18 September • 29 September - 2 Desember

### PUBLIEKE VAKANSIEDAE & ANDER

| | |
|---|---|
| 21 Maart | Menseregtedag |
| 10 April | Goeie Vrydag |
| 13 April | Familiedag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 1 Mei | Werkersdag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 9 Augustus | Nasionale Vrouedag |
| 10 Augustus | Openbare Vakansiedag |
| 24 September | Erfenisdag |
| 16 Desember | Versoeningsdag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |
| 14 Februarie | Valentynsdag |
| 12 April | Paassondag |
| 10 Mei | Moedersdag |
| 21 Mei | Hemelvaartdag |
| 31 Mei | Pinkstersondag |
| 21 Junie | Vadersdag |
| 18 Julie | Nelson Mandeladag |

***STUUR ASB. VIR ONS DATUMS VIR DIE JAARBEPLANNER***


# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

# TE KOOP




**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**



# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring**
**082 851 6158**
**Piet Meiring**
**082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Hannalie Claassen**
**079 040 0531**
G

**PLAASHUIS TE HUUR**
**Skakel**
**083 688 8256**
SKB

## ROLSTOEL-PROJEK
Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel.
As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

**OFFICE NATIONAL SPECIAL**



**R2 590 incl. VAT**
Valid from
2 December 2019
to
31 January 2020

Herald
Office National

**Econo Stationery Cabinet**
1800 x 900 x 450
4 Shelves

## VAKATURE
**KASSIER**

*Bogenoemde vakature bestaan tans by* **BONUS ALGEMENE HANDELAAR.**

**POSVEREISTES:**
- Verkopeterminaalondervinding en/of kassierondervinding
- Aangename persoonlikheid
- Rekeningkundige agtergrond
- Goeie kommunikasievermoë en klantediensingesteldheid

***Aansoeke vir bogemelde betrekking moet gerig word aan:***

Die Bestuurder Bonus Algemene Handelaars
Breëstraat 31
Heilbron, 9650

**SLUITINGSDATUM:** 31 Januarie 2020

**Late-Nite Video**
**Heilbron**
**Latest Releases**
Childs Play
Desendents 3
Rambo: Last Blood
Angel has fallen
Crawl
Kerkstraat 42C | 24C Church Street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE
In die boedel van wyle **PHILIPPUS HENDRIK SPIES**, Identiteitsnommer 410414 5016 081, van Woonstel 23, Huis Bron-van-Heil, Heilbron, wie oorlede is op 16 November 2019, in lewe 'n pensioenaris.
**Boedelnommer: 009895/2019**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: PPVDM/ne**
**Tel: 058 852 2041**
**E-POS: merlaw@phillaw.co.za**

## KENNISGEWING
Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE ANDREAS DANIËL WYNAND SMIT** Identiteitsnommer: 520817 5010 085 in lewe 'n Geneesheer woonagtig te Kalverstraat 3, Reitz, 9810, getroud buite gemeenskap van goedere.
**Datum van afsterwe:** 20 Desember 2018
**Boedelnommer:** 001709/2019
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ**
**9810**

Form JJJ
## LOST OR DESTROYED DEED
Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **TITLE DEED TE 24545/2000** passed by **HEILBRON / PHIRITONA PLAASLIKE OORGANGSRAAD** in favour of **THABO DANIEL MOTLOUNG AND MOLEBATSI MARIA MOTLOUNG** in respect of certain **ERF 1894 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deed at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 15th day of January 2020.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**




**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**






# Kleuterkasteel spog met 76 kleuters



*Kleuterkasteel spog tot en met dusver hierdie jaar met 76 ingeskrewe kleuters. Hierdie Heilbron kleuterskool huisves kinders vanaf 0-12 maande klas tot en met graad R. Die onderwysers is opgewonde om saam elke kind te lag, leer en speel in 2020.*


VAKANTE BETREKKING
WESDAN BOERDERYE
HEILBRON

WESDAN

KUDDEBESTUURDER:
SKAAP - EN BEESBOERDERY

VEREISTES:

KWALIFIKASIES:

VOORDELE:

STUUR ASB CV VOOR 31 JANUARIE 2020 NA:

# Vegkop Grasren 2020 om die draai

• *Louis Kleynhans*

Op Saterdag 8 Februarie 2020 word die 19de Vegkop Grasren en Rally aangebied.

Daar is die nuwe verlengde motorfietsroete wat meer as een keer gery kan word.

Dan die tradisionele grasrenroete waar jy jou kennis kan toets. Ook die uitdagende 4x4 roete wat vanjaar nie 'n grap gaan wees nie maar 'n geharde "challenge" sal wees.

Steeds die grootste byeenkoms sedert die slag van Vegkop ... maak gereed en maak seker jy mis dit nie, of jy saamry of self ry, bring al julle vriende saam.

Kom druk jou voete weer in die modder ... dit gaan 'n nat Rally wees. Daar sal genoeg te ete en te drinke wees. As jou geld opraak het ons 'n ATM met genoeg om alles te geniet.

***Volg ons op Facebook: Vegkoprally.***







*Hoërskool Heilbron spog vanjaar met 'n totaal van 44 Graad 1's opgedeel in 'n A en B klas vir 2020. Die onderwysers, Christel Schoeman en Saret Viljoen is baie opgewonde om elke kind te help leer en groei. Die kinders was vroegoggend elkeen al bederf met 'n sjokolade vanaf mnr. Peter Smith tydens die skool se opening in die saal. Later die dag het die MK-lede hulle in die klasse gaan besoek en aan elkeen ook 'n geskenkpakkie gegee en hulle voorspoed toegewens vir die Grootskool en harde werk. Die kinders is almal baie opgewonde om saam met die groot kinders skool te gaan.*

# 100 Jaar van Genade



Tannie Kitty Naudè is 'n inwoner van Huis Bron-van-Heil sedert 2004 en het op 14 Januarie 2020 haar 100ste verjaarsdag gevier. Sy dank die Here vir al die jare se seëninge en dat hy haar tot so vêr kon spaar sodat sy 'n vol lewe kon leef. Sy het 'n besonderse goeie verhouding met die Here en sê dat dit te danke aan hom is dat sy 'n gesonde lewe het. Tannie Kitty is in 1946 getroud met Basie Naudè en hulle het ses kinders van hulle eie wat daarvoor gesorg het dat sy vandag kan spog met 17 kleinkinders en 22 agterkleinkinders. Die vieringe sorg dat sy nie uitgepraat kan raak oor al die Vader se Genade wat sy ontvang nie.


'N VOORSPOEDIGE 2020!
SKAKEL GERUS U DA-RAADSLID VIR HULP, OF MET U WENKE

ANDRIES VREY
Wyk 12
andries.vrey@gmail.com
082 565 9855

CARINA SERFONTEIN
Koppies
carserf@compuking.co.za
083 635 2851

POLOKO MOLAPHENE
Kwakwatsi
pmolaphene@gmail.com
073 505 5295

ARNOLD SCHOONWINKEL
Munisipale Finansies
arnoldfin@telkomsa.net
084 549 3384
056 817 6762

SMALL SEHUME
Tumahole/Schonkenville
alfredsehume@gmail.com
074 751 2692

ROBERT FERENDALE
Heilbron/Edenville
Ferendale880215@gmail.com
082 721 2098

JACO LA COCK
Vredefort
jacolacock@icloud.com
071 559 3368

SHIRLEY VERMAAK
Parys
shirleyv@tiscali.co.za
082 461 3680
056 817 7211

DA


# Water-kaskenades

## *Heilbron Voortrekker Kommando*

Die Heilbron Voortrekker Kommando gaan groot waterkaskenades hou om die nuwe jaar mee af te skop. Hierdie verrigtinge sal plaasvind op 20 Januarie 2020 by die Voortrekkerterrein en alle bestaande lede of belangstellendes is welkom om deel te wees van die dag. Alle Graad R tot 12 leerders kan die groot fees en *sports* kom meemaak en almal is welkom om maats saam te bring. Onthou om ou klere of 'n swembroek aan te trek en 'n handdoek saam te bring. Dit skop af Maandag 14:00 en sal teen 16:00 klaar wees. Indien jy meer wil weet oor die Voortrekkers of die kommando se verrigtinge, skakel Dawid Rossouw (Heilbron Kommando -leier) by 082 977 9661.

HOU KOERS



Herald Sport

# Jaar skop af met liga

Die ligaspan van Heilbron Gholfklub is vasbeslote om vanjaar hulle te laat geld in die Oos-Vrystaat liga. Die manne is gemotiveerd en die belangstelling om vir die span te speel ook sterk. Die span het môre 'n oefenrondte en die eerste bepaling word Saterdag op Frankfort gespeel. Die span wat gekies is vir Saterdag is soos volg: Jackie Leonard en Johan Nelson, Dries Cilliers en Gerrie Muller, Willem Loots en Abrie Watson, wat ook vanjaar die leisels as kaptein vat.

Willem het verlede Satedag die HBA *monthly mug* gewen met 61 netto houe, wat beteken dat hy nege houe beter as sy voorgee gespeel het. Willem speel sy eerste rondte in 35 houe en een beter as die baansyfer van 'n veertien voorgee af, dit gaan nie weer maklik nagedoen word nie.

Hoërskool Heilbron bied op 1 Februarie hulle gholfdag aan, daar is volgens die organiseerders R10 000 se pryse op die spel. Sien ook advertensie elders op die blad vir al die inligting rakende die dag. Môre is daar gewone spel vir die plaaslike lede. Inkrywings is 11:40 vir afslaan 12:15.

*Op die foto regs: Willem Loots*






# Langpad breek nie spoed óf moed

*"None of us can make it rain. All of us can help relieve the pain."*

Met hierdie slagspreuk het 20 lede van die Heilbron Fietsryklub en vriende vanjaar die plaaslike Mini-Epic aangepak.

Dié fietstoer het Saterdag vir die vyfde keer plaasgevind en vanjaar het deelnemers besluit om te trap vir 'n goeie doel.

"Die wêreld in ons omgewing is nat en groen en mooi, maar 'n paar honderd kilometer, anderkant die bult, stoei boere steeds om die ergste droogte te oorleef. Daarom het ons besluit om tydens die Mini-Epic geld in te samel vir Boere in Nood," het Colett Els, organiseerder van die toer, vertel.

Volgens haar het die fietsryers dié voorstel ruimhartig ondersteun en is R7750 vir dié doel ingesamel.

Die roete het vanjaar by Donsveertjie Gasteplaas en Venue weggespring, oor grondpaaie na Koppies gestrek en weer by Donsveertjie geëindig. Deelnemers kon aan die 100km- óf 130km-been van die roete deelneem en die brawe trappers is deur verskeie ondersteuningsvoertuie bygestaan.

Middagete is soos verlede jaar op die Waaihoekpad by Phillip en Sandra de Jongh bedien en aandete is deur Wiam en Annelize Rautenbach by Donsveertjie voorberei.

"Dis nie 'n resies nie, maar 'n sosiale uittrappie," het Altus Muller, hoofborg en organiseerder van die fietstoer vertel. "Dit gaan oor kameraadskap, die waardering van die natuur en die liefde vir ons sport," het hy bygevoeg.

Willie Pieters en Johan Bergh is aan die einde van die dag as fietsryers van die dag aangewys. Bergh is maar 'n skamele 14 jaar oud en het die 100km-roete net so sterk geëindig soos wat hy begin het. Pieters was een van die oudste deelnemers en het dié titel ingepalm vanweë sy uithouvermoë en goeie gesindheid waarmee hy die toer aangepak het.

"Die weer was gunstig, die geselskap jolig, die energiedrankies koud en opdraendes nie te rof nie. Natuurlik sit die kerkbanke die volgende dag moeilik, maar 'n week later sien ons al weer kans vir nóg," het Annari Combrink, 'n deelnemer, verduidelik waarom enigiemand met helder denke ooit kans sal sien om 100km+ per fiets vir die pret af te lê.



***SAAM-SAAM BULT-OP:*** *Vriendskap, liefde vir die sport en kameraadskap is hoe die jaarlikse Heilbron Mini-Epic in kort opgesom kan word. Van links is Julia Kruger, Morné Victor, Alwico Lesch, Altus Muller en Nigel Evans. FOTO: DAWIE FOURIE*



***MANNE VAN DIE DAG:*** *Johan Bergh (links) en Willie Pieters (regs) is as fietsryers van die dag aangewys. Saam met hulle is Colett Els, organiseerder, op die foto. FOTO: DAWIE FOURIE*




***MERKE, GEREED, TRAP!*** *Lede en vriende van die Heilbron Fietsryklub het Saterdag aan die jaarlikse Mini-Epic deelgeneem. Agter van links is Arno Els, Johan Bergh, Annari Combrink en Morné Victor. Middel van links is Willie Pieters, Dries Bester, Joanita Steenkamp, Liza Boshoff, Colett Els, Julia Kruger, Alwico Lesch, JP Botha en Nigel Evans. Voor van links is Johnny Dos Reis, Rocco Steenbergen, Altus Muller en Albert Els. FOTO: DAWIE FOURIE*

